**Skriflesing : Markus 1 vers 9 tot 15**
**Tema: Jy het 'n kompas nodig vir 2017**

Ek het hierdie week nogal gereeld gedink aan al die kinders wat teruggaan skool toe. Ek dink baie van die kinders is so opgewonde oor die nuwe fase wat in hulle lewe gebeur. 'n Nuwe jaar, nuwe voorneminge. Wanneer kinders vir die eerste keer by die skool instap, is dit asof sommige kinders die juffrou wil beïndruk en wys dat hulle baie gehoorsaam is. Nadat hulle gemaklik is met die Juffrou, begin hulle miskien so 'n bietjie hans word. Hulle luister nie mooi soos wat hulle veronderstel is om te luister nie. Hulle raak in plein Afrikaans sommer lekker stout. Dit het my laat dink aan ons as Christene. Wanneer 'n mens miskien vir die eerste keer jou hart vir die Here gee, dan is dit asof jy die Here wil beïndruk. Jy wil al Sy opdragte nakom en presies doen soos wat Hy van jou verwag. Maar dit gebeur ook met ons dat ons gemaklik raak in ons geloofslewe. Dan raak ons 'n bietjie hans. Dan gebeur dit dat ons nie so gehoorsaam is soos wat ons veronderstel is om te wees nie. Ons skinder miskien van ons naaste sonder dat ons dit besef, woorde glip uit ons mond sonder dat ons dink en ons maak mense seer. Die Here verwag van ons om altyd getrou aan Hom te wees om Hom te ken in alles wat ons doen. Want ons is Sy geliefdes. Maar ons almal misluk.

Izak de Villiers omskryf sy gevoelens so mooi in 'n gedig as Hy sê: "Here, my God, U is heilig en ek is vuil. Ek verlang na U, ek wil by U wees, rein wees. Dit is my hoogste ambisie, tog ook my grootste frustrasie. "
Dalk is dit ons almal se frustrasie. Kom ons sing Lied 239 saam as 'n skuldbelydenis voor die Here. Wanneer ons as kinders ons sonde bely, kan ons die woorde van Esegiël 36 vers 26-28 ons eie maak: "Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee, en ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee, ek sal my gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat ek aan jul vaders gegee het en julle sal vir My 'n volk en ek sal vir julle 'n God wees." Ons aanbid hierdie God wat Sy genade vrylik vir ons gee en daarom bely ons ons geloof in die grote God.

Ons almal het die laaste paar weke vir mekaar mooi nuwejaarswense toegewens. Tog is ons nie verseker dat hierdie jaar wat voorlê net mooi dinge gaan inhou nie. Ons weet dat die jaar wat kom vir ons verskeie seisoene inhou, nie net in die natuur nie, maar veral ook in ons menswees. Daar sal wonderlike hoogtepunte wees van geluk. Maar ons weet ook ons elkeen sal moeilike tye beleef. Daar sal sukses behaal word, maar daar sal ook klaaglike mislukkings wees.

Wat sê jy vir iemand wat al die uitdagings het? Watter woorde kan help om jou deur al die seisoene van die lewe te dra?

In Markus 1 vers 9 tot 15 lees ons dat Jesus op die punt staan om Sy bediening te begin. Na hierdie gebeure kry ons die 40 dae-versoeking in die woestyn. Dan begin Jesus preek en Hy doen wonderwerke. Daar kom teenstand en onmin tussen Sy dissipels. Soms volg duisende vir Jesus, ander kere draai die skare van Hom af weg... totdat Sy grootste pyn en lyding aanbreek in Getsemane, Golgota en die Graf. Dan kom die fenomenale opstanding uit die dood en verskynings en hemelvaart....
Die Vader weet wat alles Vir Jesus voorlê en dit is asof Hy woorde vir Hom gee wat Hom kan help. Wat is dit? Volgens Matteus, Markus en Lukas kom daar 'n stem uit die hemel wat sê: "Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug ek my."

Gereeld deur die loop van Jesus se bediening word hierdie identiteit van Jesus as God se geliefde seun bevestig. Dit het hom deur hoogte- en laagtepunte van Sy bediening gedra. Jesus vind Sy identiteit verby Homself. Hy is die geliefde van God, die Seun van God. Die Gees van God is in Hom en by Hom.
Hierdie bewussyn as 'geliefde' maak dit vir hom moontlik om die wil van die Vader te doen. Dit begin ook sommer dadelik met die 40 dae se moeilike tyd van versoeking in die woestyn. Die duiwel versoek hom juis met die identiteit: "As u die Seun van God is, sê vir die klippe om brood te word"...
By die verheerliking op die berg in Matteus 17 bevestig die Here dat Jesus Sy geliefde is en weer aan die kruis bevestig Jesus Sy verbintenis met die Vader as Hy uitroep "Vader in U hande gee ek my lewe oor".

Omdat Jesus weet wie Hy is en waarin Sy identiteit lê, kan Hy Homself gee, risiko's loop, kanse waag, Sy standpunt met oorgawe stel, hoogtepunte vier sonder dat dit Hom hoogmoedig maak en daarom kan Hy uitdagings hanteer, want Hy weet Sy innerlike krag is van die Vader afkomstig. Hy kon homself volledig gee vir die koninkryksvisie .

Daar was heeltyd ook ander stemme as die stem van die Vader waarna Hy kon luister. Daar was mense wat Hom verwerp en selfs gekruisig het - mense wat ook Sy identiteit kon vernietig het. Gereelde strydgesprekke kon Hom van koers af gebring het, tog het Sy sterk bewussyn van identiteit soos die Vader Hom sien, die kern gevorm van Sy bediening.

Sy kompas was nie gewildheid of status of mag nie (al het Hy dit alles gehad), maar Sy kompas was Sy identiteit as Geliefde, as Seun van God. As enige iets of iemand Hom van koers af wou trek, het die ware Noord Sy keuses en optrede bepaal. Soms het dit selfs gelei tot groot lyding, maar steeds het die liefde van God hom die rigting, krag en motivering gegee om voort te gaan.

As jou kompas net 'n paar grade uit is, kan jy jou doelwit mis! Dalk is dit tyd dat ons ons kompas reg moet instel.

Jesus het homself nooit probeer bewys nie, Hy het nooit goedkeuring van mense gesoek of manipulerend opgetree nie. Uit Sy wete van Wie Hy is, kon Hy Homself doelgerig op die Vader se koninkryk vestig.

Jy vra seker:"Ja, maar dis waar van Jesus...Hy is immers die Seun van God. Ja, Hy is, maar jy is kind van God, seuns en dogters van God! Jesus kom juis om te wys dat jy Sy Geliefde is , almal: gemarginaliseerdes, uitgewekenes uit die samelewing, blinde bedelaar, tollenaar, die vrou wat egbreuk pleeg, armes, rykes, werkloses en hoë amptenare: Julle is geliefdes van God!

Vir elkeen met wie Jesus kontak gemaak het, was dit die kern van Sy boodskap: Jy is Geliefde van God. Die Fariseërs wat net sommiges geklassifiseer het as goed genoeg vir God, het Hy met doelgerigte aksie teëgegaan. Jesus sê dit self in Johannes 15 vers 9: "Soos die Vader my liefgehad het, het ek julle life." Daarin moet jy hoor dat God se ewige liefde na jou toe stroom. Dat jy Sy geliefde is! Maak nie saak hoeveel jy al droog gemaak het of hoe swak jy is of hoe donker jou jaar lyk nie... Jy is die Geliefde van die Vader.

Desmund Tutu: "We don't need to prove ourselves to God. We don't have to do anything at all to be acceptable to Him. That is what Jesus came to say, and for that He got killed. He came to say:"Hey, you don't have to earn God's love. Its not a matter for human achievement. You exist because God loves you already. You are a Child of Divine love."

EK dink die grootste leuen wat vertel word is dat ons as mense nie goed genoeg is nie. Die bekende teoloog Frederich Beuchner vertel hy en sy boetie Jamie het een Saterdagoggend opgewonde wakker geword, want hulle ouers sou hulle na 'n voetbalwedstryd toe vat. Hy en sy boetie het in die kamer gespeel tot die res van die gesin sou wakker word. Op 'n stadium het die deur op 'n skrefie oopgegaan en hulle pa het ingeloer. Hy het die deur weer toegemaak en is af na die onderste verdieping toe. Na 'n ruk het hulle 'n harde gil gehoor en by die venster uitgekyk. Blou rook het by die motorhuis uitgekom waar sy pa homself vergas het. In sy selfmoord nota het hy op die laaste bladsy van die boek Gone with the Wind geskryf: "I adore you and love you, and I am no good. Give my watch to Freddie and my pearl pin to Jamie. I give you all my love."

Ons soek so vining ons identiteit by ander of om hoër as ander te wees. 'n Emosionele wipplank veroorsaak dat ons gelukkig is as mense met ons mooi is en ongelukkig as mense nors is teenoor ons. Ons kan nie alles vir almal wees nie. Mense sny hulleself af van ander deur hulle broosheid weg te steek - ons wil nie swak wees voor mekaar nie. Ons beweeg weg van mekaar en ons word afsydig en koud. Ons soek identiteit by ons prestasies. Kyk byvoorbeeld na 'n musikant wat soveel tyd opoffer. Natuurlik vertoon sekere vorme van sukses iets van iemand se identiteit en gesonde karakter. 'n Suksesvolle musikant is 'n bewys van doelgerigtheid en selfdissipline. Maar soms is hulle uiterlik so suksesvol en innerlik is hulle gebreek!.
Natuurlik moet hoogtepunte gevier word. Jou prestasies en wanneer jy iets oorgekom het, is 'n groot deel van jou lewe. Dit moet egter vloei vanuit 'n gesonde identiteit. Anders sal werksverlies, aftrede en enige swaarkry

ons as mense vernietig. Mislukkings het soms 'n baie groot negatiewe effek op ons identiteit. As jy jou werk verloor het, gaan jy sukkel om weer waarde in jouself te vind. As jy finansieel gefaal het, breek dit jou self-waarde af. Soveel so dat mense nie eers meer probeer nie. Sukses wat 'n obsessie word, kan ons as mense vernietig. Hoe sien jy jouself? As jy jouself verkeerd opsom, kan jy in 'n gat val - 'n gat van moedeloosheid wat gepaard gaan met waardeloosheid.

God se liefde vir jou moet vir jou in 2017 rigting gee. Leer om jouself lief te hê. Pas selfsorg toe. Trevor Hudson het vertel die beste raad wat hy al ooit gekry het, was dat hy sy prioriteite moet verander: God eerste! Dan voor familie , werk en gemeenskap moet jy jouself plaas. Hoe meer jy jouself sien as 'n geliefde van God, hoe meer kan jy ander as geliefdes hanteer. Jesus het self gewys hoe belangrik liefde vir jou naaste is. Hoe meer jy jouself as geliefd sien, hoe meer kan jy ander as geliefdes hanteer! Dan kan jy gee en dien sonder 'n swaar gevoel en verwerping of wrokkigheid. Dien maar binne kook ek! As jy jouself liefhet, kan jy jouself vergeet en alle aandag op ander plaas. Jesus het self gesê hoe naby selfliefde en liefde-vir-ander aan mekaar is. Elkeen van ons het prentjies van ander mense in ons gedagtes. Dink aan enige person. Daar kom 'n hele konsep van iemand voor jou gesig. Ek nooi jou om, voor die ander konsepte, eerstens te onthou dat die persoon 'n geliefde van God is - hier in die gesin en ook in die gemeente. Ons is Geliefdes!
**Amen**